higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STEENWERK
NKR VLAK 4

(12020524)

28 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

474Q1N2328

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STTENWERK
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: ALGEMEEN

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Gee EEN rede vir elke antwoord.

1.1 As 'n werksarea vir pleisterwerk voorberei word, moet alle stof, vuilgoed en olierige stowwe net so gelos word.

1.2 Jy kan tuisgemaakte gereedskap gebruik om pleister te skraap ('score').

1.3 'n Waterpas word gebruik om seker te maak die oppervlak is horisontaal.

1.4 'n Slyklaag staan ook as 'n onderlaag vir staal bekend.

1.5 Die minimum spasie wat tussen teëls toegelaat word, is 20 mm.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2: PLEISTERWERK

2.1 Verduidelik waarom dit nodig is om 28 dae te wag nadat 'n muur gebou is voordat dit gepleister kan word. (5)

2.2 Toon, met behulp van 'n netjiese skets, die vooraansig van beheerlasse in 'n muur wat in strykverband tussen twee pilare gebou is. Toon die volgende duidelik aan:

- Pilare
- Beheerlas
- Muur (VYF lae hoog) (8)

2.3 Gee TWEE voorbeelde van waar 'n mens lasse deur pleister kan sny. (2)

2.4 Wat is 'n muurgleuf? (2)

2.5 Wat is die afmetings van die metaalstroke wat 'n mens sal gebruik om oor muurgleuwe te sit? (3)

2.6 Noem VYF hooffunksies van pleister aan binnemure. (5)

2.7 Verduidelik kortliks die stappe om te volg wanneer pleister met die hand gemeng word. (5)

[30]

VRAAG 3: GIDSPLEISTER EN TOPLAE

3.1 Noem die materiale wat vir gidspleister of toplae benodig word. (4)

3.2 Verduidelik kortliks waarom dit nodig is om 'n saktoets te doen voordat beton gegooi word. (5)

3.3 Verduidelik, en gee redes, hoe om gidspleister/toplae vir die vloer van 'n vertrek te kompakteer. (5)

3.4 Bespreek waarom jy nie ekstra water moet byvoeg as die oppervlak te styf en hard is wanneer dit afgestryk word nie. (4)

3.5 Gee DRIE stappe om die substraat vir die gidspleister of toplaag voor te berei. (3)

3.6 Verduidelik die VYF stappe om die slyklaag aan te wend. (5)

3.7 Om verwarring te voorkom met die interpretasie van 'n profielskets (of tekening) word spesifieke profileringsmetodes vir die verskillende soorte materiale in steenwerktekeninge gebruik.

Maak netjiese sketse van die profielsimbole wat vir die volgende materiale gebruik word:

3.7.1 Gidspleister

3.7.2 Beton

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4: TEËLWERK

4.1 Noem die gebruik van die volgende teëlgereedskap:

4.1.1 Waterpas

4.1.2 Liniaal ('Straight edge')

4.1.3 Teëlmeter

4.1.4 Kombinasiewinkelhaak

4.1.5 Ystersaag

(5 × 2) (10)

4.2 Waarom moet die gidspleister met hout afgestryk word en nie met 'n staaltroffel of kraggereedskap nie tydens die voorbereiding van die oppervlak wat geteël gaan word? (2)

4.3 Hoe lank moet teëlspasieerders in plek gelos word? (2)

4.4 Wat gebeur as die spasieerders nie verwyder word nie? (2)

4.5 Waarom is algemene, sementgebaseerde kleefmiddels nie geskik vir glasmosaïeke nie? (2)

4.6 Wat is teëlvoegbry en waarvoor word dit gebruik? (4)

4.7 Bespreek waarom daar eers 'n oefenlopie gedoen moet word met die teëls deur dit uit te pak in plek voordat dit vasgesit word. (3)

4.8 Verduidelik wat sal gebeur as 'n mens jou hande gebruik om voegbry aan te wend. (3)

4.9 Noem TWEE faktore om in aanmerking te neem wanneer 'n seëlaar gekies word vir teëlvloere. (2)

[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou